

20 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 44
Fokusgedeelte: Psalm 44:2-4

Praat oor God se liefdesdade

“Ons vaders het ons dit vertel”, so roep die digters van Psalm 44 uit. Hulle het by ander persone, hulle voorgeslag, gehoor van die groot liefdesdade van die Here. Hy het hulle as volk bevry uit die verre Egipteland. Hy het sy volk in die beloofde land ingelei. Hy het hulle bewaar teen heidense nasies wat die land bewoon het en hulle die vermoë gegee om die nasies te oorwin. Dit was alles daad vanuit sy liefdeshart vir sy volk, omdat Hy getrou is aan die beloftes van sy verbond.

Hoe het jy al persoonlik of as gesin die liefde van die Here ervaar en raakgesien? Het jy al vir ander hiervan vertel? Het jy al as ouers vir jou kinders gesê hoe jy God se troue liefde in jou eie lewe raaksien? Het jy al met blydschap aan ander vertel van God se grootste liefdesdaad – dat Hy sondaars soos ons so liefgehad het dat Hy sy enigste Seun in ons plek laat sterf het vir ons oortredings?

As ons baie swaarkry beleef, is dit soms vir ons moeilik om te dink dat God ons liefhet. Dan voel ons soms, soos die digter van Psalm 44, dat die Here slaap of dat Hy ons verstoot en sy rug op ons draai. Selfs in moeilike tye moet ons nie twyfel aan die heerlike feit van God se liefde nie. Dis opvallend dat Paulus in Romeine 8:36 in sy jubellied oor die onverganklike liefde van God juis Psalm 44:23 aanhaal: “Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.” Dan voeg hy vol blydschap by: “... geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.” Gryp weer vandag gelowig vas aan hierdie woorde en praat sommer vandag nog met iemand daaroor.

Sing: Psalm 66:7

Ds L du P van der Vyver (Silverton)